**Nuusbrief Julie 2026**

Dagsê liewe Jesus vriende,

Dit gaan goed in die mooie ou Groot Karoo. Dit is winter en ons kry koud. Ons het goeie reën gehad en die Karoo is mooi groen. Kom kyk en kuier vir ons.

Ons is goed aan die gang in Fraserburg. Ek is deur die genade van ons Messias 10 jaar hier.

As ek terug kyk op die 10 jaar van my bediening dan sien ek die genade van die Here oor my lewe en bediening in Fraserburg. Ek het geleer om te buig en vuil voete te was en saggies met mense te praat en te werk. En om te dien eerder as om bedien te word. Ek leer nog elke dag en daar is nog baie om te leer. Die Here is goed vir my. Dankie almal wat die pad saam met my stap en my hande optel as dit soms moeilik raak. Sonder julle gebede liefde en ondersteuning kan ek nie volheid en vreesloos dien nie. Baie baie dankie ek waardeer julle uit my hart.

En dan die groot blessing: Kambro is 10 jaar aan die gang! Tannie Elize het Kambro 10 jaar terug begin. Dit was haar droom en ons leef haar droom voluit uit. Wat ‘n voorreg om deel te wees van een groot Kambro familie. Die Here se hand is oor ons en sy genade groot.

Ons is besig met ons reëlings vir ons 10 jaar verjaarsdag vir Kambro. As die Here wil gaan Kambro feesvier die 14 de November 2026.

Baie dankie aan almal wat ons die 10 jaar ondersteun en betrokke is, geldelik en ook al die blessings wat ons so gereeld ontvang. Dit word uit ons harte waardeer.

As jy oop is 14 November, kom verjaar saam met ons. Dit is ook sommer Kambro se Christusfees funksie. Laat weet my asb.

Baie dankie al die Vishoekers vir die Bidbeertjies wat ek ontvang het. Dit is ‘n groot droom vir my dat elkeeen in Fraserburg `n Bidbeertjie moet ontvang. Moenie ophou hekel en brei nie asb, ons is baie hier en die projek is groot. Nogmals baie dankie, Frasrburg waardeer julle.

Verder tussen al die reëlings en werk gaan dit maar dol in die gemeenskap. Ons sukkel met werkloosheid en dit dra by tot armmoede en groot afhanklikheid van alkohol en dwelm misbruik. Ons kids kry swaar. Bid asb saam met ons vir geneesing in ons gemeenskap.

Dit is eers al van Fraserburg vir nou.

Dankie vir julle gebede, liefde en ondersteuning ek waardeer julle uit my hart.

As u dalk n donasie wil en kan maak, kontak my by 079 582 3683 of Whatsup my asb.

Baie liefde vrede en genade vir julle

Petro Strydom
Sendeling
Fraserburg